## VAN ONS SUSTERS

Baie dankie vir al die nominasies vir die bestuur wat ontvang is.
Die volgende susters is genomineer vir die bestuur:
Salome Kruger, Brechtje Jooste, Ina Roos, Wymie du Plessis, Ineke Bakker, Magda van der Merwe, Anita Stavast, Marli Nortjé, Elsa Reinecke, Yolandé van Dyk, Alta Pretorius.

Die uittredende bestuur het dit goed gedink om almal op die bestuur te akkommodeer. Ons sal DV volgende Sondag, die 26ste Januarie, na die oggenddiens, dan net die Voorsitter verkies. Die ander portefeuljes sal binne die bestuur uitgesorteer word.

Groete Alta

**DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS**

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.

## HAMBURGERBRAAI

**Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai**

**NOU VRYDAGAAND 24 JANUARIE 2025**

Ons kuier gesellig saam vanaf 17:30 by die saal.
Vir 'n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor
☎ 018 294 4600 of ☎ 082 923 1384

**R 30 per hamburger. Worsbroodjies R 30**



# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 41, nr 2. Sondag 19 Januarie 2025
*REDAKTEUR:* **RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422**
**rudynell@telkomsa.net**

**Eredienste**: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600** **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
**E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurte by eredienste enHuis Eikelaan:**
**Ouderlinge:** Wyk 1 **Chris van Ryssen** en Wyk 2 **Klaas Wyma**
**Diakens:** Wyk 1 **vakant** en Wyk 2 **Frans Drijfhout**
**Skinkbeurt: Wyke 3 en 4. Wyksusters Frieda van der Walt en Elsa Reinecke**
**Diens by Huis Eikelaan om 15:30 ds Jannes van Dyk**

## EREDIENSTE Albei dienste gelei deur ds Jannes van Dyk

### *Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers*

**Oggenddiens om 9:30, aanddiens om 18:00**
**Eredienste ook per whatsapp**

**OGGEND:** Die sakrament van die doop word vanoggend bedien aan **Alivia de Klerk**, dogtertjie van **Andries en Monique de Klerk**, en sussie van **Hannes**. Dit is vir ons as gemeente 'n voorreg om al die geliefdes van Alivia in ons midde vanoggend te verwelkom. Mag u saam met ons in die geloof versterk word deur die bediening van die Woord en die sakrament van die doop.
**Woordbediening:** Psalm 20 (AFR'20). **Fokusverse:** Psalm 20: 6
**TEMA:** ***Ons en ons kinders moet met vreugde die vaandel van verlossing hóóg hou tot eer van God.***
**Sing:** Psalm 108:1; Psalm 68:1, 2, 5; Psalm 74:1, 2, 3, 15; Psalm 78:3, 4; Psalm 20:1, 2, 4, 5; Psalm 60:2, 3, 4 (melodie Psalm 18).
**Sing met meelewing:** Psalm 121:4.

**Erediens by Huis Eikelaan (15:30)**
**Woordbediening:** Lukas 4:16 - 44 (AFR'53).
**Fokusvers:** Lukas 4:42-43.
**TEMA:** ***Hoop breek deur soos wat die koninkryk van God deurbreek***.
**Sing:** Psalm 146:1, 6, 8; Skrifberyming 18-6: 1, 3, 4, 5 (57).

**AAND:**
**Woordbediening:** Jesaja 42:1-8 (AFR'20).
**Fokusverse:** Jesaja 42:3.
**Belydenis:** Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 1, paragraaf 16.
**TEMA:** ***Uitverkorene, moet nie wanhoop in jou swakheid en gebreke nie; hoop op die geregtigheid van God.***
**Sing:** Psam 90: 1, 2; Psalm 147: 1, 2, 4; Psalm 102: 1, 5; Psalm 84: 3, 4; Skrifberyming 10-2: 1.

---

**KOLLEKTES VANOGGEND:** ***Diens van Barmhartigheid*** in die **BLOU** sakkies en in die ROOI sakkies vir GKSA Sustentasiefonds
**VANAAND**: **Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en **Kerkkas** (ROOI)
Volgende week se Spesiale kollekte is vir die Teologiese Studentekas.

## LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

### MEEGEVOEL

Ons betuig ons innige meegvoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

'n Susterskind van **Rudy en Nelly van der Spoel**, **Anneke van der Spoel**, wat om en by twee maande gelede met kanker gediagnoseer is, is Dinsdagoggend oorlede. Die begrafnis is Dinsdag in Bloemfontein. Ons bid Rudy en Nelly en hulle geliefdes die ryke vertroosting van ons hemelse Vader toe.

### VOORBIDDING

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

**Johanna van der Merwe** het die afgelope week geval en geringe beserings opgedoen. Daarby moet Johanna op 3 Februarie 'n knie-vervangingsoperasie ondergaan. Ons verseker haar en haar geliefdes van ons voorbidding vir haar.

**Loffie Eloff** is Maandag uit Medikliniek ontslaan. Die dokter kon toe nie die beplande diagnostiese prosedure uitvoer nie omdat die bloedverdunners wat Loffie ontvang, die prosedure bemoeilik. Hy sal nou, ná behandeling, op 22 Januarie die prosedure ondergaan.



Ons volhard ook in ons voorbidding vir **Fanie Jooste** wat nog wag op magtiging en om te hoor wanneer hy die dreineringsbuis sal ontvang om die hoëdruk hidrosefalus te behandel.
Toe die afkondigings voorberei is, was **Theo en Magda van der Merwe** onderweg na die ooginstituut waar Magda 'n noodafspraak gehad het. Ons doen ook graag vir Magda voorbidding.

### DANKBAARHEID

Ons deel in die dankbaarheid en deel in die vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle en hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.
Ons is dankbaar saam met **Nelis en Dina Coetsee** 061 5863 3904 vir die Here se genade nádat Nelis die uitslae van die skandering wat hy onlangs ondergaan het, vanaf die kardioloog ontvang het. Daar is geen opvolg of verdere behandeling nou nodig nie.

### VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

### HUWELIKSHERDENKINGS

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in Januarie 2025 hulle huweliks-herdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe (huweliksformulier)!

| Dag | Datum | Naam & van |
|---|---|---|
| Sa | 25/01 | **Peet en Elsie Buys (66 jaar)** 082 717 7738 |

## VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Baie geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardag vier! Saam met u dank ons die Here vir Sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

| Dag | Datum | Naam en van |
|---|---|---|
| Do | 23/01 | **Lettie Vorster (83)** |
| Vr | 24/01 | **Netta Schutte** Wyk 3 |

# ALGEMENE AFKONDIGINGS

## DAGBOEK

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak | | | | |
| So | 19/01 | 10:30 | Katkisasie opening | Kerkgebou |
| | | 15:30 | Erediens: Huis Eikelaan (ds Jannes) | Kapél |
| Di | 21/01 | 15:00 | Bybelstudie: Huis Eikelaan | **Rooi sitkamer** |
| Wo | 22/01 | 18:00 | Bybelstudie | Konsistorie |
| Do | 23/01 | 18:30 | Beplanningskommissie | Konsistorie |
| Vr | 24/01 | 17:30 | **GEMEENTE-AAND EN HAMBURGERBRAAI** | Kerkterrein |
| Di | 28/01 | 08:00 | Agendastukke vir kerkraadsvergadering | Kerkkantoor |
| Wo | 29/01 | 18:00 | Finansiële kommissie Begrotingsvergadering | Konsistorie |

| **KATKISASIE** | **Sondag 19Januarie** | **Sondag 26 Januarie** |
|---|---|---|
| **Lesrooster:**<br>**Psalmvers:**<br>**Heidelbergse Kategismus:**<br>**Memoriseerwerk (Gr. 1-2)** | Opening ná die Erediens in die kerkgebou | Les 1<br>Psalm38: 17<br>Sondag 1<br>Onse Vader, aanhef |
| **Hoërskoolkatkisasie** | | Les 1 |

## BYBELSTUDIES

Die Bybelstudiegeleenthede hervat weer hierdie week:
Dinsdag om 15:00 by Huis Eikelaan in die Rooi Sitkamer.
Woensdag om 18:00 in die konsistorie.
Almal is by beide hierdie geleenthede hartlik welkom.

## WAT VAN 'N KOPPIE TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?



Die Susters van wyke 3 en 4 nooi almal uit om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet

## FONDSINSAMELING

Die vergadering van die kerkraad met diakens het met hulle vergadering in November die groen lig gegee dat 'n deurlopende fondsinsamelingsprojek van stapel gestuur word. Vir 'n afskop en as 'n proeflopie wil ons graag op die eerste Woensdag (Woekerwoensdag) van Februarie 'n klompie ribburgers maak en verkoop @ R35 per burger. Om hiervan 'n sukses te maak, maak ons staat op die vrywillige ondersteuning van lidmate:

+ Die neem van bestellings by bure, familie en vriende vir ribburgers as 'n middagete is op hierdie stadium die grootste prioriteit.
+ Daarna, as ons weet hoeveel van wat benodig word, sal ons die vrymoedigheid neem om verdere bydraes te vra en ook broers en susters wat op Woensdagoggend 5 Februarie kan help met die braai en burgerbou.
+ Voorlopig kan bestellings per WhatsApp deurgegee word na ds. Jannes 072 224 7181 of Yolandé 084 597 8903.

Begin die boodskap asseblief met RIBBURGER as sleutelwoord.

Ons beplan om vir Woensdag 5 Februarie
'n klompie ribburgers te maak
@ R 35 per burger.
U is welkom om u bestelling deur te gee aan
Yolandé 084 597 8903 of aan
Jannes 072 224 7181.
Ondersteun asseblief die projek deur waar u woon en werk en leef bestellings te neem –
dit word baie waardeer!